18.4 BESKRYWINGSPUNT VAN STREEKSINODE NOORDWES OOR VERSKERPTE AANDAG AAN CHRISTELIKE ONDERWYS (Artt 47, 325)

A. Ds P Venter stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Jeug en Onderwys.
C. Ds JH Venter rapporteer namens die Kommissie vir Jeug en Onderwys.

D. **BESKRYWINGSPUNT**

Die Streeksinode lê graag die volgende Beskrywingspunt aan die Sinode voor vir oorweging:
" Die Algemene Sinode roep kerke, ook in Streeksinodeverband, op om

1. te volhard met leiding aan ouers met betrekking tot die uitvoer van hulle doopbelofte wat die skoolonderrig van hulle kinders insluit.
2. gelowige onderwysers te ondersteun in die uitvoer van hul roeping.
3. jong lidmate aan te moedig om hulleself vir die onderwysberoep te kwalifiseer.
4. die Pro-Ekklesiafonds wat vir laasgenoemde doel gestig is, aktief te ondersteun. "

Motivering

1. Die ingrypende ontwikkeling in die onderwyssituasie met spesifieke verwysing na sommige leerinhoude van die Kurrikulum, soos byvoorbeeld die evolusieleer, wat nie met die Gereformeerde leer ooreenstem nie, die toenemende voorkoms van gebrek aan dissipline in skole en die geweldige tekort aan Christenonderwysers noodsaak dat Kerkrade en ouers in die lig van die Doopbelofte en KO, art 21, meer erns moet maak met die beginsel van Christelike Onderwys.
2. By navraag blyk dit dat slegs 4 Streeksinodes die saak van Christelike Onderwys as Agendapunt ter tafel neem of enigsins daaraan aandag gee. Die Streeksinode is bewus daarvan dat die Nasionale Deputate vir Christelike Onderwys wel deeglik aandag aan die bevordering van Christelike Onderwys gee, maar die vrug van daardie werk word nie deur sommige Streeksinodes en Klassisse ondersteun nie met die gevolg dat baie Kerkrade ook nie erns maak met die toepassing van KO, art 21 nie.
   Die Streeksinode Noordwes is wel bewus van die beginsels van KO, artt 30, 36 46 en 49 maar is van oordeel dat in die lig van die ernstige probleme in die onderwys alle kerklike vergaderings moet saamwerk om die erns van die saak by ouers tuis te bring en leiding en toerusting aan ouers verskaf om die probleme in die onderwys te kan hanteer.
3. Die Streeksinode is bewus van probleme wat Kerkrade en lidmate ondervind met die Reglement van die Pro-Ekklesiafonds wat huidig bepaal dat net lenings aan persone toestaan word wat aan die NWU gaan studeer. Hierdie bepaling verhinder landswye toegang tot die fonds en daarom is sommige Kerkrade van oordeel dat hulle lidmate nie voordeel uit die Fonds kan trek nie en wil daarom ook nie bydra nie. Die Streeksinode is van oordeel dat die bepalings van die fonds gewysing moet word sodat lidmate wat lenings uit die fonds wil neem aan enige tersiêre inrigting kan studeer. Sodoende sal die nood aan goed opgeleide onderwysers ook aangespreek kan word.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee. Kyk vir opdragte by 18.1 (4.2.1 tot 4.2.7 en 5.2.8), 18.2 (3.1 en 3.2) en 18.3 (3.1 en 3.2) van die Handelinge.